# PERSPEKTIEFSTELLING OOR OMSTREDE AANGELEENTHEDE VAN DIE GROOT TREK

**P S de Jongh**
*Universiteit van Wes-Kaapland*

*SUMMARY*

**Perspective on controversial issues regarding the Great Trek**

The Great Trek has come to mean different things to different people. To many Afrikaners it is an heroic phase of their nation's history and a symbol of freedom, while to Blacks it is a symbol of subjugation and humiliation. Several such controversial issues are discussed here by referring to aspects of the life of the leading Voortrekker figure Sarel Cilliers. The following questions are addressed: Why did the Voortrekkers emigrate? Who was the military commander at the battle of Vegkop? What were the events surrounding the covenant before the battle of Blood River, and, specifically, what role did Sarel Cilliers play in this connection? And lastly: Did the Voortrekkers play a "civilising" and "Christianising" role in the interior? The author comes to the conclusion that the Voortrekkers were by no means as "religious" as they have often been made out to be.

Die Groot Trek word soms nog as bron vir besielende toesprake, geskiedskrywing, letterkundige werke en feesvierings gebruik. Vir baie Afrikaners is die Voortrekkers se ideale en lotgevalle heroïes met vele volkshelde wat stryd, lyding en opoffering ter wille van vryheid deurgemaak het.

Sommige beklemtoon die sterk nasionale gevoel wat die Groot Trek by die Afrikaner wakker gemaak het. Ander, weer, lê klem op die basis wat dit vir die toekomstige rassebeleid gelê het. In die verband word o.a. beweer dat die Voortrekkers in verset gekom het teen Britse kolonialisme en verdrukking, maar terselfdertyd dieselfde ideologie en praktyk teen die swart gemeenskappe noord van die Oranjerivier toegepas het. Terwyl baie nasate van die Voortrekkers die Groot Trek as simbool van vryheid beskou, is dit seker vir die meeste swartmense die simbool van onderwerping en vernedering. Daarom, onder andere, is die Groot Trek enersyds bestempel as 'n rampspoedige daad wat rassekonflik en verdeeldheid aangewakker het en andersyds as die weg waarlangs die Transoranje, Transvaal en Natal vir die witmense oopgestel is en die Christendom en Westerse beskawing daarheen uitgedra is.

Suid-Afrikaners huldig steeds uiteenlopende persepsies en standpunte oor die Groot Trek. Wanopvattings, onkunde en verskille oor netelige knelvrae, maar ook oor fynere detail, bestaan steeds. Myns insiens beoefen sommige historici die geskiedwetenskap onder die vaandel van objektiwisme (sic!) binne 'n selfbepaalde konteks en gaan ooglopend subjektief met die feitemateriaal om om byvoorbeeld hulle persepsies of perspektief te rugsteun. Terselfdertyd beskuldig hulle dan ander historici van verraad en meineed omdat hulle kwansuis onwetenskaplik, subjektief en onpatrioties sou wees.

Vergun my daarom die geleentheid om aan die hand van enkele grepe uit die lewe van Sarel Cilliers net enkele moontlike omstrede sake — feite, interpretasies en persepsies

— aan te raak. Van die sake wat ek aansny is vir sommige seker nie meer omstrede nie, maar ek doen dit tog om alle twyfel daaroor uit die weg te ruim.

Ander mag beswaar maak dat ek rondom die persoon van Sarel Cilliers sekere veralgemenings maak. Maar Sarel Cilliers se denke, beginsels, standpunte en optrede was in vele opsigte verteenwoordigend van die Voortrekkergemeenskap. Hy is deur ons voorouers en word tans nog deur baie as 'n held, die Vader van die Gelofte, 'n innige vroom mens en 'n karaktervaste Christen beskou.[1] Die subjektiewe beeld is van geslag tot geslag oorgedra en het myns insiens in die denke en optrede van baie Afrikaners bly steek. Wanneer die denke agter optrede ondersoek word, is 'n mate van spekulasie en gepaardgaande kontroversie moeilik vermybaar. Ek besef dat ek op dun ys beweeg en beslis nie kan en mag veralgemeen nie. Myns insiens, egter, leun van die basiese ideologiese standpunte en persepsies van vele vandag nog swaar op tradisionele Voortrekkerdenke, -gebruike en -instellings.

## 1. Waarom trek?

"Die Voortrekkers het om ideologiese en godsdienstige redes getrek".

Verskeie redes word vir die Groot Trek aangevoer waarvan die vernaamste die finansiële en filantropiese faktore was wat die Afrikaner op stoflike gebied verarm en geestelik diep aangegryp het. Polarisasie tussen die Britse regering en die grensboere het uiteindelik tot die wegtrekaksie gelei. Maar nie almal het om dieselfde redes weggetrek nie. Ofskoon baie ontnugter, ontevrede en verbitterd was, het nie almal om daardie rede die Kaapkolonie verlaat nie. Gerdener het beweer dat Sarel Cilliers besluit het om die Kolonie permanent te verlaat omdat dit vir hom 'n gewetesaak was; "dat dit die wil van God was" dat hy moes trek.[2]

Dit is nie waar nie. Sarel Cilliers het in 1870 toe hy al baie siek was, die vernaamste redes waarom hy die Kolonie verlaat het, in sy Journaal neergepen. Hoewel Cilliers se geheue hom t.o.v. sekere besonderhede in die steek gelaat het, is die Journaal in sy geheel nie onbetroubaar nie. Voorts strook sy getuienis met eie gebeure en lewensomstandighede van die Cilliers's in die Colesbergse distrik in 1834—1836.

In teenstelling met baie ander het Cilliers getrek omdat hy geen grond besit het nie. Hy het saam met sy broer Petrus op laasgenoemde se plaas Driefontein in die Nuwe Hantam geboer. Droogte en sprinkane het die boere verplig om oor die Oranjerivier te trek om vir hulle vee weiding te soek. Sarel en ander boere het in die westelike Transoranje grond en weiding gevind wat hulle geval het. Sarel en 71 ander boere het in 'n memorie goewerneur D'Urban versoek om hulle toe te laat om daardie grond in besit te gaan neem. Dié versoek is volgens Cilliers geweier.[3]

Uit die veldkornette en siviele kommissaris se korrespondensie is dit duidelik dat Cilliers en die ander trekboere die Kaapse owerheid erken en gerespekteer het. Die trekboere het die Britse owerheid herhaaldelik versoek om sy gesag oor die Transoranje uit te brei. Die versoeke is telkens geweier omdat die owerheid nie oor die nodige finansies beskik het nie en erg besparingsbewus was.[4]

Voorts het die vrystelling van slawe en die finansiële verlies daaraan verbonde, ook bygedra tot Cilliers se besluit om die Kolonie te verlaat. Al die redes wat hy verskaf het,

1. G B A Gerdener, *Sarel Cilliers*, pp. 4, 84—85.
2. *Ibid*, p. 11.
3. H J Hofstede, *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat*, Journaal.
4. C F J Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, p. 179.

het op sy materiële behoeftes gedui. Daarom het hy besluit om sy lot by die van die Voortrekkers in te werp.

Ofskoon Cilliers 'n diep gelowige Christen was en sekerlik die Here se wil gesoek het in die lewensbelangrike besluit wat hy moes neem, is dit vergesog om te wil beweer dat hy om godsdienstige redes die Kaapkolonie verlaat het. Dat die Voortrekkers hulle teen die wettige landsowerheid verset het en dat só iets as onbybels beskou kon word, het vir hom nie saak gemaak nie. In die verband is dit ook insiggewend om te vermeld dat hy in die kerklike bedrywighede in die Nuwe Hantam nie so 'n belangrike rol gespeel het soos Gerdener beweer het nie.[5] Inteendeel, sy naam kom nêrens in die Colesbergse kerklike dokumente voor nie.[6]

Om watter redes ookal getrek is, die Voortrekkers kon nie voorsien wat in die jare daarna sou gebeur nie. Die onmiddellike behoeftes, of dit politieke vryheid, ekonomiese probleme of wat ookal was, het die swaarste geweeg. Dit is tog 'n wêreldwye en algemeenmenslike verskynsel. Daaragter moet nie allerhande ideologiese goggas gesoek word nie.

## 2. Vegkop

"Cilliers, en nie Potgieter nie, was die aanvoerder by Vegkop".

Oor die lotgevalle van die Voortrekkers is al oorgenoeg besin. Maar die verheerliking van die mens, en veral sekere figure soos byvoorbeeld Sarel Cilliers, druis in teen die feite. Uit die oorleweringe is dit ook duidelik dat baie vooraanstaande Voortrekkers egoïsties was, die eer vir belangrike gebeure vir hulleself toegeëien en maklik hulle aandeel in gebeure vergroot het. Die onkritiese omgang met die oorleweringe het verkeerde interpretasies en gevolgtrekkings tot gevolg gehad. Dit het byvoorbeeld met die Slag van Vegkop gebeur.

Sarel se oudste seun, Charl Johannes, het beweer dat sy vader by Vegkop die aanvoerder van die laer was.[7] Gerdener wat onomwonde Sarel Cilliers as die held en leier van die geveg by Vegkop beskou, leun swaar op die getuienis. Sarel self het beweer dat hy bevel gegee het "wat verder gedaan moet worden, en ik nam de bewind, ..."[8] Dat Sarel as belydende Christen oor die aangeleentheid openlik 'n leuen sou vertel het, is onwaarskynlik. Eerder het hy sy betrokkenheid en aandeel vergroot en opgeblaas. Blykbaar het sy geheue hom in die steek gelaat soos inderdaad in vele ander gevalle gebeur het. So het hy byvoorbeeld beweer dat hy met die Slag van Vegkop sewe kinders gehad het,[9] terwyl daar toe nog net ses Cilliers-kinders was. Dit kon egter ook 'n verskrywing gewees het. Verder is sy kinders se herinneringe grootliks op hulle vader se mededelings aan hulle gebaseer.

Gerdener leun ook swaar op die 10-jarige Paul Kruger se getuienis. In sy *Memorie* beweer Kruger dat Cilliers 'n sterk laer by Vegkop opgerig het en met 33 manskappe die Ndebele-aanslag afgeweer het. Maar hy vermeld nie pertinent dat Cilliers in bevel van die laer was nie![10] Gerdener het Cilliers as die held van Vegkop beskou omdat hy ook in ander belangrike gevegte, o.a. by Moordspruit en Bloedrivier, betrokke was. Omdat Cilliers heldhaftig was en by al die veldslae 'n vername rol gespeel het, wil Gerdener weet of enige ander leier vir die Trek as geheel soveel gedoen het. Volgens Gerdener het Cilliers hom as godsman en krygsman by uitnemendheid bewys. As sodanig het hy as ruggraat al die lede

5. G B A Gerdener, *Sarel Cilliers*, p. 8.
6. S N G K, Kaapstad, G. 16 4/1 Colesberg-Kerkraad lidmaatregister, 1827—1855.
7. *De Fakkel*, 1.8.1895, p. 627 (Uit de Geschiedenis...).
8. H J Hofstede, *Geschiedenis...*, pp. 50—53.
9. S J du Toit, *Di Geschiedenis van ons land...*, p. 206 (D A Cilliers, Verhale omtrent die Voortrekkers).
10. P Kruger, *The Memoirs of Paul Kruger*, pp. 8—9.

van die liggaam aanmekaar gehou, aldus Gerdener. Die siening gaan egter mank aan bewyse en is 'n blatante oordrywing en verdraaiing van die feite.

Vele getuienisse bevestig dat Potgieter by Vegkop die aanvoerder was. Maria Jacoba Minnaar (gebore Bronkhorst) het in 1915 verklaar dat sy as 9-jarige dogtertjie by die Slag van Vegkop teenwoordig was. Sarel Cilliers was die geestelike leier terwyl Potgieter deurgaans die militêre bevelvoerder was, aldus Maria.[11] Dié getuienis word deur A H Potgieter jr[12] en H J Potgieter[13] bevestig. Ook J H Hattingh sr[14] en Anna S Coetzee (gebore Botha) was seker dat Potgieter die bevel gevoer het.[15] Potgieter self het in 'n skrywe aan Gert Maritz beweer dat hy by Vegkop in bevel was.[16] J G S Bronkhorst wat ook by die Slag teenwoordig was, het in sy weergawe daarvan nie vermeld wie die aanvoerder was nie.[17] Dit bevestig myns insiens dat Potgieter in beheer van sake was. Indien Cilliers die bevel gevoer het, sou Bronkhorst dit vermeld het aangesien dit 'n afwyking sou wees omdat Potgieter deurgaans die bevel gevoer het.

In die opsig moet Hermanus Potgieter en Nikolaas Christiaan Smit se weergawe van die gebeure as deurslaggewend beskou word. Net meer as 'n maand na die veldslag het hulle aan Erasmus Smit vertel wat daar gebeur het. Erasmus Smit het in sy dagboek aangeteken dat Potgieter en Smit hom vertel het dat Andries Potgieter die aanvoerder was.[18] Dit is haas ondenkbaar dat Potgieter hom uit die voete sou gemaak en die bevel aan Cilliers sou oorgelaat het terwyl die Maritztrek op pad was. Dit is ook amper ondenkbaar dat Potgieter sy mense sonder meer in die steek sou gelaat het. Diegene wat na die Slag van Italeni verwys om Potgieter se afwesigheid by Vegkop te probeer bewys, beweeg op dun ys. Dit is ook ondenkbaar dat Hermanus Potgieter en Nikolaas Smit 'n maand na die gebeure toe dit die gesprek van die dag sou gewees het, veral met die nuwe aankomelinge en te midde van die mense wat by Vegkop aanwesig was, daaroor sou gelieg het. Indien Potgieter nie by Vegkop was nie en doelbewus Cilliers se leierskap daar geminag het, sou Cilliers tog nie onder Potgieter by die Slag van Mosega geveg het nie.

Dat Potgieter die bevel gevoer het, dat hy nie lafhartig weggevlug het nie en dat Sarel Cilliers alleen nie die held van Vegkop was nie, is nie langer te betwyfel nie. Ook wat die datum van die Slag van Vegkop betref, is daar uiteenlopende getuienis. Ek gaan nie dié aangeleentheid hier beredeneer nie. Ons kan volstaan met D J Kotzé se bevinding dat die Slag waarskynlik op 19 Oktober 1836 plaasgevind het.[19] Daarom is die bewoording op die gedenksteen wat by Vegkop opgerig is, histories nie korrek nie. Daarvolgens het Sarel Cilliers en 33 man op 2 Oktober die aanslag afgeslaan.

Om die saak verder in perspektief te plaas is dit insiggewend dat Sarel Cilliers op 2 Desember 1836 nie op die Burgerraad verkies is nie.[20] Insgelyks is hy op 17 April 1837 ook nie op die Raad van Politie gekies nie.[21] Dit bevestig net andermaal dat hy nie soveel aansien op administratiewe en militêre terrein geniet het nie.

Wie per slot van sake die aanvoerder van die laer tydens die Slag van Vegkop was, is seker nie só belangrik nie. Wat wel baie belangrik is, is dat een persoon verheerlik word en

11. M J Minnaar, Herinneringe (*Voortrekkermense* IV, pp. 140—141).
12. A H Potgieter, Herinneringe (*Voortrekkermense* III, pp. 21—22).
13. H J Potgieter, Herinneringe (*Voortrekkermense* III, pp. 40-41).
14. J H Hattingh, Herinneringe (*Voortrekkermense* I, pp. 126—128).
15. A S Coetzee, Herinneringe (*Voortrekkermense* IV, pp. 28—29).
16. A H Potgieter, Herinneringe (*Voortrekkermense* I, pp. 60—61).
17. *De Zuid-Afrikaan*, 17.3.1837 (Bronkhorst-verslag).
18. E Smit, Dagboek, 20.11.1836 (*Voortrekkermense* II, pp. 62—63).
19. D J Kotzé, *Letters of the American Missionaries*, p. 153 voetnoot 5.
20. C F Nieuwoudt, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Uitvoerende Gesag in die ZA Republiek*, pp. 20—29; H B Thom, *Gert Maritz*, pp. 113, 115; E Smit, Dagboek, 2.12.1836, p. 67.
21. E Smit, Dagboek, 17.4.1837, p. 93.

vir die nageslag as voorbeeld, held en geloofsreus voorgehou word terwyl die ander as lafaard verguis word. Ek vertrou dat die nodige perspektief verkry is.

### 3. Gelofte

Baie mense beweer dat die Gelofte en die meningsverskille oor verskeie aspekte daarvan, deurtrap en holrug gery is. Myns insiens is dit by die 150-jarige herdenking van die Groot Trek nodig om juis daaroor te besin en dit in die regte perspektief te plaas omdat dit soveel verdeeldheid, vyandskap en selfs haat onder Afrikanergeledere tot gevolg gehad het.

Bronne oor die Gelofte is skaars. Jan F Bantjes, sekretaris van die Volksraad wat die Wenkommando vergesel het, se joernaal oor die gebeure is nie onfeilbaar nie, maar vanweë die tydsfaktor tog die vernaamste bron. Voorts bevat die brief wat Andries Pretorius op 23 Desember 1838 geskryf het, naas Bantjes se weergawe, waarskynlik die betroubaarste gegewens. Origens is ons aangewys op Sarel Cilliers se herinneringe en briewe en die nege uit 35 Voortrekkerherinneringe wat iets oor die Gelofte meegedeel het. Die meeste van laasgenoemde getuienisse onderskryf Cilliers se weergawe. Almal is op 'n hoë ouderdom opgeteken. Gevolglik is dit verwarrend en hier en daar kennelik foutief.

Dat Cilliers die Vader van die Gelofte is, is nie waar nie. Hy was wel die geestelike voorganger van die kommando en het verskeie kere uit die Ou Testament gepreek. Die inhoud van die boodskappe het Pretorius diep getref en hom op die gedagte van 'n gelofte gebring. Die Voortrekkers was in 'n benarde posisie; hulle was teen 'n oormag in 'n oorlewingstryd gewikkel. Daarom het Pretorius die geloftes wat sommige Ou Testamentiese karakters aan God gemaak het, ernstig opgeneem en geglo dat dit in hulle omstandighede die regte ding sou wees om te doen. Veral Gideon en Jakob se geloftes het Pretorius sterk aangespreek. Hy het toe aan Cilliers te kenne gegee dat dit sy begeerte was om aan die Here "plegtig een belofte" te maak. S W Burger en J H Hattingh het bevestig dat die gedagte van 'n gelofte van Pretorius gekom het.

Pretorius se voorstel het Cilliers diep laat nadink: oor die aflê van 'n gelofte het hy geen beswaar gehad nie, maar oor die nakoming daarvan as die Here aan hulle die oorwinning sou skenk, was hy "diep bezwaard". Die mens is feilbaar en sou maklik die gelofte kon verbreek. Die vrese het hy aan Pretorius bekend gemaak. Laasgenoemde was egter gedetermineerd dat 'n gelofte afgelê moes word. Daarom was Pretorius en nie Cilliers nie, die vader van die Gelofte.

Na verdere oorweging het Cilliers met die idee akkoord gegaan maar dan alleen as die hele kommando in die saak geken is. Omdat al die kommandolede nie toe bymekaar was nie, is die besluit daaroor uitgestel.[22] Tydens die aandgodsdiens op 2 Desember het Cilliers van Pretorius se behoefte melding gemaak. Op 5 Desember het hy weer daarna verwys. Intussen is die saak informeel met die veldkornette bespreek. Toe dit uit die gesprekke blyk dat almal daarmee saamgestem het, het Cilliers meer gemoedsrus gehad en ingestem dat as almal bymekaar was, hulle die gelofte aan die Here sou aflê.

Op Sondag 9 Desember het die kommando by die Wasbankrivier oorgestaan. Die hele kommando was bymekaar. By 'n gesamentlike byeenkoms is Cilliers versoek om die Gelofte namens die hele kommando af te lê. Net twee burgers het nie kans gesien om die Gelofte af te lê nie omdat "wij zijn bevreesd dat wij niet die dure gelofte zullen nakomen die wij beloven moeten." Hoewel dit nêrens vermeld word nie, het die twee waarskynlik die Gelofte afgelê nadat Cilliers op hulle besware gereageer het.[23] Na 'n treffende preek oor die belangrikheid van die Gelofte en die nakoming daarvan, het Cilliers in die naam

22. T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: S Cilliers — H van Broekhuizen, 14.2.1866; J H Hofstede, *Geschiedenis* ... (Journaal); S W Burger, Herinneringe (*Voortrekkermense* IV, pp. 97—98); J H Hattingh, Herinneringe (*Voortrekkermense* I, p. 187).

23. S W Burger, Herinneringe (*Voortrekkermense* III, p. 98).

van "de Generaal en alle de hoofden en ook in de naam van het algemeen en ook in mijn naam" die Gelofte in 'n gebed afgelê.[24]

Ofskoon Cilliers in sy Journaal beweer dat hy die Gelofte na die gebed afgelê het, het Pretorius, Bantjes en Cilliers self in sy brief aan ds Van Broekhuizen gedateer 14 Februarie 1866 beweer dat die Gelofte deel van die gebed was. Daarom is dit merkwaardig dat diegene wat geprobeer het om die Gelofte se bewoording te rekonstrueer, nie rekening gehou het met die feit dat in 'n gebed die Here direk aangespreek word. Gerdener, byvoorbeeld, het Cilliers se weergawe as basis geneem en toe willekeurige byvoegings en weglatings gemaak met die doel om al die elemente van die verskillende dokumente daarin te vervat.[25] Dit is histories glad nie regverdigbaar nie.

Wat die inhoud van die Gelofte betref, het Cilliers in sy Journaal, Bantjes en Pretorius in sy brief van 23 Desember 1838 bevestig dat God se genadehulp in geloof afgesmeek is; dat die Voortrekkers Hom sou dank en eer as Hy aan hulle die oorwinning besorg; dat hulle 'n sigbare kerkgebou op 'n toe nog onbekende plek sou oprig; en, dat hulle die verhaal aan hulle nageslag sou oordra. Hieroor net enkele gedagtes om die nodige perspektief te verskaf.

Ten spyte van die verskillende benaminge — sabbath, als 'n Zondag, dankbede- en herinneringsdag, dankdag, 'n dag nooit te vergeten,[26] ensovoorts — het hulle ooreengekom dat die dag jaarliks herdenk sou word en dat dit *in die gees* van of te wel *soos* 'n Sondag herdenk sou word (my kursivering). Cilliers het immers in sy Journaal gesê dat die dag "als een Sabbath" herdenk sou word, maar in sy brief aan ds Van Broekhuizen gesê dat die Here beloof is dat hulle die dag in "zyn eeredienst te heilige als een bid en gedenk en dankdag",[27] en dit is nie noodwendig 'n Sondag nie. Dat die dag as 'n Sondag herdenk moet word berus op twyfelagtige getuienis. Dit is ook strydig met die gedagte dat Sondag die Here Jesus Christus se opstandingsdag is. Geen ander geleentheid kan of mag daaraan gelykgestel word nie; geen gelofte of herdenking kan as 'n Sondag met die bybelse toepassing van Sondagwette gevier word nie. Dié perspektief verdien seker die aandag van die owerheid.

Cilliers het die Gelofte as heilig beskou en derhalwe elke jaar op 16 Desember die dag as 'n "plegtige Sabbat" deurgebring. Hy was egter een van min mense wat die Gelofte en die Slag van Bloedrivier getrou herdenk het. Terwyl hy in 1862 in die somerhitte deur die Karoo op reis was, het hy op 16 Desember nie gereis nie maar die dag herdenk en o.a. die inhoud en betekenis van die Gelofte aan sy reisgenoot verduidelik. Dat die Voortrekkers die Gelofte so gou kon vergeet en skynbaar dit nie so belangrik geag het nie, het Cilliers bekommer. By geleentheid het hy vir Pretorius berispe omdat hy die Gelofte nie herdenk het nie.[28]

24. T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: S Cilliers — H van Broekhuizen, 14.2.1866 en Herinneringe van Johannes Cilliers; N.A., ACC. 79 Kit Bird Collection XII, p. 36 (A W J Pretorius).
25. H B Thom, *Die Geloftekerk ...*, pp. 112—113; B J Liebenberg: *Andries Pretorius*, p. 33; M J Swart, Geloftedag (*Die Taalgenoot*, Nov. 1978, p. 6).
26. *De Zuid-Afrikaan*, 16.2.1839 (A Pretorius — J N Boshof, 23.12.1838); J H Hofstede: *Geschiedenis* ... (Journaal); *De Zuid-Afrikaan*, 14.6.1839 Byvoegsel (Bantjes Journaal); I J Breytenbach, W G Nel, P J Coetzer, J H Hattingh, A Oosthuizen, S W Burger, Herinneringe (*Voortrekkermense* I—V).
27. J H Hofstede, *Geschiedenis* ... (Journaal); T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: S Cilliers — H van Broekhuizen, 14.2.1866.
28. N.A., E.C. 1 Minutes Meetings, 21.7.1846, pp. 61—66 (letter from D Moodie — Secr. to Government Cape Town, 20.7.1846); N.A., G.H. 1321 Copies of Letters despatched, no. 19: D Moodie — Secr. to Govt., 20.4.1846, pp. 25—29; N.A., ACC. 13 Photostat Copy of letter of A W J Pretorius — H Pottinger, 16.10.1847; F J du T Spies: Die Gelofte van 1838 (*Handhaaf*, Nov. 1983, p. 11).

Maar wie is die nageslag wat deur die Gelofte gebind is? Cilliers het volgens eie getuienis beweer "dat eider onder deze belofte word begrepen die thans hier byeen is en dat wij ook aan onze famielje het zal gaan zeggen die in de Lagers is", m.a.w. die Gelofte het net op diegene wat dit afgelê het en hulle familie wat by die laers was, betrekking gehad.[29] Bantjes het beweer dat die Gelofte op "onze laatste nageslachten" van bindende krag was.[30] Maar die klem val tog sekerlik op die *ons* (my kursivering) en is dus glad nie in stryd met Cilliers se standpunt nie. Dieselfde geld vir Pretorius se weergawe en standpunt.[31] Die Gelofte het beslis nie betrekking gehad op enige Afrikaner wat op daardie tydstip nie in Natal was nie. Die standpunt dat die Gelofte vir die nageslag bindend is, moet dus gekwalifiseer word: dit is bindend vir diegene wat die Gelofte afgelê het, hulle nageslag en almal wat hulle daarmee vereenselwig. Dat 'n klein minderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking die geleentheid het om die Gelofte te herdenk by wyse van 'n vakansiedag wat terselfdertyd 'n Sondag is, is glad nie regverdigbaar nie. Dit bewys die feite onteenseglik. Daarom is dit te betreur dat in die meningskolomme van die koerante nog sulke stellings gemaak word: "Die Gelofte het drie dinge ingesluit, naamlik: Om 'n tempel te bou, om die dag as 'n Sabbatdag te onderhou, en dat dit bindend sal wees vir die nageslagte ... Die Afrikaner wat dit verwerp, is geen Afrikaner nie, al praat hy Afrikaans, al bou hy aan sy kultuur en al het hy 'n wit vel."[32]

'n Laaste woord oor die Gelofte. Toe die Gelofte afgelê is, was daar 468 Afrikaners, drie Engelse, sowat 60 swartes en 'n onbekende getal ander gekleurdes in die laer. M Swart beweer dat "Pretorius baie beslis geweier (het) dat die geringe nie-Afrikaanse element in die kommando ook die Gelofte sal aflê". Sy verweer was dat hulle nie gister en eergister 'n getroue gebedslewe sou gelei het nie.[33] Waar Swart aan so 'n weergawe kom, is verdag. In geen beskikbare bronne wat ek geraadpleeg het, word dié bewering gemaak nie. Soos ons sal sien het baie Voortrekkers geen gesonde geestelike lewenspatroon gehad nie en waarskynlik het van hulle nie 'n getroue gebedslewe gelei nie. Wat dan van hulle? Volgens Swart sou hulle ook nie gekwalifiseer het om die Gelofte af te lê nie. Moontlik het Swart die "afleiding" gemaak omdat Pretorius, volgens Johannes Cilliers, vir Alexander Biggar versoek het om na die vee om te sien aangesien hy graag al die mense by die byeenkoms wou hê.[34] Maar Johannes Cilliers, toe 'n seuntjie van net drie jaar oud, was nie teenwoordig nie. In elk geval is die bewering onder verdenking en al sou dit waar wees, wil dit nie sê dat die Engelse en van die gekleurdes by die aflegging van die Gelofte nie teenwoordig was nie.

## 4. Uitdra* van die Westerse beskawingsnorme en die Christendom

Die aangeleentheid plaas die Voortrekkers se verhouding met die swartmense met wie hulle in aanraking gekom het, ook aan die orde. Enersyds word beweer dat die Voortrekkers die verskillende swart volke gekoloniseer en veronreg het, terwyl andersyds geredeneer word dat die Voortrekkers barbarisme verdryf en deur die Westerse beskawings-

29. T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: S Cilliers — H van Broekhuizen, 14.2.1866; H J Hofstede, *Geschiedenis* ... (Journaal).
30. *De Zuid-Afrikaan*, 14.6.1839 Byvoegsel (Bantjes Journaal).
31. *De Zuid-Afrikaan*, 16.2.1839 (A Pretorius — J N Boshof, 23.12.1838).
32. *Rapport*, 14.6.1987 (Moenie Gelofte verwerp nie).
33. M J Swart, Die Gees van die Gelofte, in A P van der Colf (red.): *Hier staan ons* — Geloftefeesbundel, p. 72.
34. T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: Herinneringe van Johannes Cilliers.

*Ek maak 'n duidelike onderskeid tussen *saam*dra en *uit*dra.

norme en die Christendom vervang het. Oor die omstrede aangeleentheid moet sekere persepsies in die regte perspektief geplaas word.

Die Voortrekkers het die Kolonie verlaat nie met die doel om ander te koloniseer of aan onderdrukking te onderwerp nie. Maar die onvermydelike kontak wat tussen wit en swart plaasgevind het, het gepaardgegaan met grootskaalse onkunde oor mekaar se denke, gedragspatrone, norme, standaarde en toekomsverwagting. Die onvermoë om mekaar se manier van dink en doen te begryp, lê ten grondslag van baie van die onversoenlike standpunte en konflikte wat gevolg het. Ná 150 jaar word steeds oor die Derde Wêreld en Westerse beskawing geworstel.

Dit is een ding om iemand of 'n groep se optrede te identifiseer en te probeer verstaan, maar om die denke daaragter te deurgrond binne die konteks van agtergrond, omgewing, gewoontes, ens., is iets anders. Om maar een voorbeeld te noem: die swartes het net een manier geken om geskille of verskille op te los, te wete geweld. Daarteenoor het die wittes hoofsaaklik deur onderhandeling probeer om geskille op te los. Hulle wou die swart volke bevriend om deur onderhandeling en ooreenkomste grond in die hand te kry. Daarom is o.a. met Moroka, Sekonyella en Mosjesj na die veldslae by Vegkop en Mosega, ooreenkomste van vrede en vriendskap gesluit. Volgens Cilliers het Mosjesj self getuig "dat voor wij hier waren gekomen, hij als een aas was daar alle roofvogels op aanvlogen. Maar door ons is alle onheil van hem afgekeerd, hij noemde ons in dien tijd zijn vader, omdat wij hem als een kind hebben groot gemaakt. Toen was hij onze vriend."[35] Maar in 1863 het Mosjesj verklaar dat hy die grondgebied wat die Voortrekkers beset het, aan hulle geleen het en dat dit nooit die bedoeling was dat dit permanent beset sou word nie. Dit was een van die redes vir die Vrystaat-Basoetoe-oorlog (1858, 1865—1866, 1867—1868). Mosjesj het geen ag geslaan op sy onderhandelinge met Andries Pretorius in die veertigerjare en die grondverdeling en grenslyne waarop ooreengekom is nie; en dat die Britse owerheid wettig aan die boere grond toegeken het waarop hulle jaarliks belasting betaal het. Ook kon hy Cilliers nie antwoord op die volgende nie: Hoe kon Mosjesj die grond besit het as "de grootte vijanden Sellekaats, de Bastaards en de Korannas ... uw vader overwonnen en uit zijn bezit gedreven gelijk het geval waarlijk is, en daarna kwamen wij met de hulp van den grooten God des hemels, en overwonnen deze vijanden en namen dit land, dat te voren wel het land van uw vader was, maar door het geweld van oorlog het land van uw vaders vijanden is geworden, door verovering in ons bezit kwam, van waar kom het dat hij, Sekelo Moshesh, zegt dat uw vader Moshesh ons de grond geleend heeft?"[36]

Eiebelang was deurgaans van deurslaggewende aard. Die swart volke wat die Voortrekkers bevriend het, het dit om eiebelang gedoen, soos bovermelde inderdaad bewys. Maar ook die Voortrekkers het eiebelang vooropgestel. Derhalwe het dit vir hulle nie gegaan om die uitdra van die Westerse beskawing nie, ofskoon hulle dit met hulle saamgedra het. Van die Voortrekkers was hardkoppig, eiegeregtig, egoïsties en het oor omtrent alles verskil wat tot skerp verdeeldheid, onversoenlike standpunte en selfs haat aanleiding gegee het. Dit is tog alombekend dat oor die trekrigting, eindbestemming, aanvals- en verdedigingstrategie, ligging van laers, ens. ernstige meningsverskille bestaan het. Die gebrek aan eensgesindheid en onderlinge begrip was nie net vir baie van hulle probleme verantwoordelik nie, maar moes ook 'n negatiewe indruk op van die mense met wie hulle in aanraking gekom het, gemaak het. Daarom stem dit 'n mens tot nadenke as jy die volgende leese: "Min. De Klerk het gesê die 150-jarige herdenking van die Groot Trek

35. *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette,* 16.9.1864, p. 2 (Brief van Cilliers — S Moshesh, 5.7.1864); H B Thom, *Die Lewe van Gert Maritz, p. 154.*

36. *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette,* 16.9.1864 p. 2 (Brief van Cilliers — S Moshesh, 5.7.1864); P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers,* pp. 238—252.

behoort 'n groot gebeurtenis vir eendragtigheid onder Afrikaners te wees, maar die KP en sy verwante maak dit 'n verdelingsfees."[37] Die betrokke partye in die geskil is nie hier ter sake nie maar wel die verdeeldheid wat reeds 150 jaar gelede begin het en steeds voortsleep. Is dit die beskawingsnorme wat uitgedra is? Is die verskynsel binne 'n swart volk geduld? Oor die aangeleentheid kan nog baie gedebatteer word en baie ander fasette kan aangesny word. Ek wil egter volstaan met, vir my die ontstellendste faset, te wete die sogenaamde uitdra van die Christendom.

Met die landsverlating het die Voortrekkers nie bedoel om alle bande met die Nederduitse Gereformeerde Kerk te verbreek nie. Inteendeel, hulle wou graag hê dat 'n geordende leraar van die Kerk die Trek moet vergesel. Dat hulle daarin nie kon slaag nie, het nie veronderstel dat hulle die Christendom en hulle Christelike beginsels en gewoontes agterweë gelaat het nie. Erasmus Smit, Sarel Cilliers, en andere het gereeld Sondags eredienste en wanneer moontlik gedurende die week godsdiensoefeninge gehou. Cilliers het gereeld godsdiensoefeninge gehou tydens die kommando's wat hy vergesel het.[38]

Ofskoon godsdiensbyeenkomste, die doop en die nagmaal vir die Voortrekkers baie belangrik was, was die bedoeling nooit dat die swart volke bearbei en vir die Christendom gewen moes word nie. Die Voortrekkers het wel die Christendom met hulle saamgeneem maar dit was vir hulle eie behoeftes en belange en *nie* vir die *uitdra* en verspreiding van die Evangelie nie. Die omstrede stelling en standpunt verdien verduideliking en motivering.

Sarel Cilliers het as vrome Christen en godsdienstige voorganger die Voortrekkers se geestelike norme en standaarde grootliks vergestalt en verteenwoordig. Hy het hoofsaaklik uit die Ou Testament gepreek. Vir hom was die stryd teen die swart volke en veral die Zoeloes baie dieselfde as Israel se stryd teen die heidense volke: soos Kanaän vir die Israeliete die Beloofde land was, só was Natal dit vir die Voortrekkers wat in Natal was. Daarom het hy in sy preke voortdurend hulle situasie na analogie van Israel s'n geskets.[39] Daarvolgens was en is God op 'n besondere wyse aan die Afrikaner se kant, is hy 'n uitverkore volk en is gelykheid met die wrede swart volke onmoontlik. Daarom, onder andere, het Cilliers en baie ander Voortrekkers in 1847 besluit om Natal te verlaat nadat die Britse regering gelykstelling afgekondig en toegelaat het dat duisende Zoeloes hulle in Natal vestig.[40]

Kort na die Voortrekkers se aankoms op Pietermaritzburg, het 260 manskappe onder aanvoering van Andries Pretorius op 'n ekspedisie teen die Mpondo's onder hulle hoofman Faku en die Bhacas onder Ncaphayi vertrek. Cilliers het die kommando vergesel. Henry Ogle, die Engelse handelaar wat die kommando vergesel het, het kort nadat die kommando teruggekeer het, aan George Cato van die kommando se wedervaringe vertel. Hy het o.a. van Cilliers se versoek om vir die kommando godsdienstige byeenkomste te hou, gesê: "a more fit person was not to be got as he is a man that is indefatigable in his calling if preaching from morning to night can be called so." Maar ook: "he also attempts to prove, I suppose by logic that the Lord has decreed the annihilation of all the Black Tribes (and) that Pretorius is the chosen servant to put it into force (and) only requires from his hearers to stand by their Commandant to sweep them all from the earth, or from East to West and from North to South."[41] Ofskoon Ogle se weergawe in twyfel getrek kan word, strook dit egter met al die ander feite aangaande Cilliers en die Voortrekkers se gesindheid. Cilliers het sy mede-reisgenote voortdurend met die evangelie gekonfronteer, maar het

37. *Rapport*, 15.11.1987, p. 6 ('n Veglustige F.W. pak K.P. en dr A.P.T.)
38. P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers*, pp. 79—80, 102; en *Die Lewe van Erasmus Smit*, p. 120.
39. H J Hofstede, *Geschiedenis* ... (Cilliers Journaal); T.A., A. 787 Preller-versameling, no. 193, lêer 100: S Cilliers — H Van Broekhuizen, 14.2.1866.
40. N.A., G.H. 633 Letters despatched, no. 108: D Moodie — J Montagu, 28.12.1846; P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers*, pp. 210, 215.

geen poging aangewend om die swartmense te evangeliseer nie; hulle moes soos die Filistyne in Kanaän met die wapen onderwerp word. Daarom het hy Pretorius as hulle Josua beskou — deur God gekies om Sy volk te bevry.

Cilliers het tydens 'n gesprek met 'n Bhaca-vrou haar met God wat "de wolke en regen ... ook de zware weder" beheer, banggemaak en o.a. gesê dat God diegene wat lieg met donderweer doodslaan. Op sy versoek dat sy die waarheid moes praat oor die gesteelde vee anders sou God "haar door zijn weder dood slaan", het sy positief gereageer.[42] Maar geen poging is aangewend om haar met die Woord van God se genade te konfronteer nie.

Die Voortrekkers was selfs bereid om eerw. James Archbell wat onder die Barolong gearbei het, as leraar met hulle saam te neem. Dat hy besig was om die evangelie onder die Barolong te verkondig, het vir hulle nie saak gemaak nie.[43] Dieselfde kan van Daniel Lindley gesê word dat in 1840 Voortrekkerlaar geword het.[44] Die sendinggenootskappe waaraan die manne verbonde was, en die roeping wat hulle t.o.v. sendingwerk onder die swart volke gehad het, was vir die Voortrekkers van minder belang as hulle eie behoefte aan 'n leraar.

Voorts was die Voortrekkers nie juis in staat om die evangelie na die swart volke uit te dra nie. Hulle was meesetal te betrokke met hul eie probleme van oorlewing en toekoms en het in elk geval nie die innerlike krag en oortuiging gehad om deur woord en daad die evangelie uit te lewe nie. Daarvoor was daar te veel onderlinge wrywing en afvalligheid van die kerklike bedrywighede. Dikwels moes die Voortrekkerleiers die mense vermaan om die godsdiensbyeenkomste meer getrou by te woon.[45] Hulle was ontevrede oor Erasmus Smit se geestelike werksaamhede[46] en het baie gou van die Gelofte aan God vergeet.[47] Maar as die twee geestelike leiers drasties verskil en die vroom, geestelike held die ander verwerp en vervolg, hoe moet die kudde lyk? Om van sendingwerk nie eens te praat nie!

Op 14 Januarie 1838 is Cilliers die geleentheid om vir 'n groep mense in die Retieflaer godsdiens te hou, geweier. Erasmus Smit was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik. Cilliers was daaroor hewig ontsteld en het waarskynlik toe reeds besluit dat Smit nog daarvoor sou boet. Na hulle aankoms op Pietermaritzburg het Cilliers daarvoor gesorg dat Smit vervolg word, as leraar verplig was om sy emeritaat te aanvaar en daarna voortgegaan om hom te vervolg. Die gevolg was dat Erasmus Smit sy laaste jare in armoede en vernedering deurgebring het.[48] Wat 'n klad op die Christenskap van die "Profeet van die Groot Trek" waaroor Gerdener die "sluier van vergetelheid" getrek het.[49]

Dat die buitelandse sendinggenootskappe onvermoeid geywer het om die swart volke te evangeliseer en sodoende die Christendom daarheen uitgedra het, is waar. Eweneens is dit waar dat die Christendom in die jare daarna deur die witmense in die Transvaal, Vrystaat en Natal uitgeleef is en sodoende die Christendom versprei het.

Insgelyks is dit so dat die Voortrekkers nie die Christendom na die swart volke uitgedra het nie. Myns insiens was hulle eerder 'n struikelblok in die verband. Hulle was glad

41. J Bird, *The Annals of Natal* I, p. 272.
42. H J Hofstede, *Geschiedenis* ... (Journaal, pp. 62—63).
43. P S de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit*, pp. 122, 139.
44. *Ibid*, p. 170.
45. P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers*, p. 106; P S de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit*, p. 146.
46. P S de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit*, p. 129.
47. P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers*, p. 215.
48. P S de Jongh, Sarel Cilliers en Erasmus Smit — 'n herwaardering (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Mrt—Apr. 1978).
49. P S de Jongh, *Die Lewe van Sarel Cilliers*, P. 129.

nie die godsdienstige mense en geloofsreuse soos soms aan hulle toegedig nie.

Oor die aangeleentheid en trouens oor heelwat ander omstrede sake rakende die Voortrekkers en die Groot Trek, kan nog heelwat meer gesê word. Myns insiens sal dit seker ook nooit die punt bereik waar konsensus of ooreenstemming bereik sal word nie. Maar laat ons op grond van die feite wat wetenskaplik versamel en verantwoord word, dan in liefde en verdraagsaamheid verskil; nie soos sommige Voortrekkers mekaar gehaat, vervolg en verwerp het nie.